Laerskool Bredasdorp Primary School
Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za - Tel. 028 424 1334 - Fax. 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

**OB: 45**

**Die volgende inligting is baie belangrik. U word vriendelik versoek om dit noukeurig te lees en die dokument te bewaar vir verwysing deur die loop van 2023.**

**SKOOLFONDS 2023: GRAAD 1-7**

Geagte Ouers / Voogde

Tydens die jaarlikse begrotingsvergadering van 25 Oktober 2022, waarheen alle ouers uitgenooi is, is die volgende resolusies aanvaar:

1. **SKOOLFONDS GRAAD 1-7**
   Skoolfonds beloop **R14 905.00** per leerder, per jaar.

2. **SKOOLFONDS JAARLIKS VOORUITBETAALBAAR**
   Skoolfonds is jaarliks vooruitbetaalbaar op **1 Januarie** van die betrokke skooljaar, en kan, met die goedkeuring van die skoolbeheerliggaam, ook soos volg betaal word:

- **EENMALIG:**
  Die bedrag van **R14 905.00** voor of op 28 FEBRUARIE 2023.

- **MAANDELIKS:**
  **11 <u>Gelyke</u>** maandelikse paaiemente van **R1 355.00** elk betaalbaar vanaf 1 Januarie tot 1 November 2023. (betaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand).

3. **BETAALMETODES**

- **KONTANT** by die finansiële kantoor met **familiekode** en leerder se naam en van as verwysing.
- **ELEKTRONIES** in die skool se bankrekening met **familiekode** en leerder se naam en van as verwysing.
- **DEBIETORDERS**
  - U moet ELKE jaar 'n nuwe debietordervorm voltooi. **<u>Debietordervorms is beskikbaar by die finansiële kantoor.</u>**
  - Debietorders word verhaal vanaf Januarie tot November, op die **1ste, 15de, 26ste en 31ste** dag van elke maand. Ongelukkig kan geen ander datums hanteer word nie.
  - Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat die debietorders wel van u rekening verhaal word. Stel ons onmiddellik in kennis indien u probleme ondervind of indien u bankbesonderhede verander het.
  - Debietorders wat vir die tweede keer teruggestuur word, sal deur die skool gekanselleer word en u sal in kennis gestel word dat u self verantwoordelik is vir die maandelikse betaling.
  - Ouers sal verantwoordelik wees vir enige bankkoste en/of boetes deur die bank gehef a.g.v. teruggestuurde debietorders. Sodanige kostes sal by u rekening gevoeg word.

***Bankbesonderhede: Laerskool Bredasdorp, ABSA 178 014 3378***

4. **MAANDELIKSE STATE**

- Skoolfondsstate word maandeliks elektronies uitgestuur. **Maak asb. seker dat u kontakbesonderhede op ons stelsel te alle tye korrek en volledig is.**
- Indien u NIE 'n staat ontvang nie, is u steeds verplig om skoolfonds te betaal en navraag by die skool te doen oor die rekening. Die nie-ontvangs van 'n skoolfondsstaat kan nie as verskoning gebruik word om nie by u betalingsreëling te hou nie. Dit bly u, as ouer/voog se verantwoordelikheid om op datum te bly met die betaling van skoolfonds soos per u ooreenkoms met die skool.

**5. AGTERSTALLIGE REKENINGE**

- Sodra 'n rekening vir meer as 60 dae agterstallig raak, word die volle uitstaande JAARBALANS, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar en sal die volgende stappe gevolg word:
- U sal 'n amptelike kennisgewing van die skool ontvang. Amptelike kennisgewing kan bestaan uit 'n sms, epos of telefoon oproep.
- U het dan 10 (TIEN) werksdae om op datum te kom met u betaling of om 'n betalingsooreenkoms/reëling aan te gaan soos uiteengesit in onderstaande paragraaf 6 van hierdie dokument.
- Indien geen ooreenkoms of reëling na 10 (TIEN) werksdae ontvang is nie, sal die skool geregtelike stappe neem om die VOLLE UITSTAANDE bedrag in te vorder. Alle kostes in die verband sal vir u rekening wees.

**6. AFWYKING VAN SKOOLFONDSOOREENKOMS**

- Enige reëlings ten opsigte van afwyking van u oorspronklike ooreenkoms, kan SLEGS gedoen word deur 'n skriftelike versoek aan die skool te rig – hierdie versoek moet deur die Finansiële Komitee goedgekeur word. U bly egter verantwoordelik vir betaling soos per u oorspronklike ooreenkoms met die skool, totdat die Finansiële Komitee 'n besluit geneem het en u skriftelik daarvan in kennis gestel het.
- **GEEN** betalingsreëlings word oorgedra van een jaar na die volgende nie.
- **GEEN** telefoniese reëlings sal aanvaar word nie.

**7. AANSOEK OM VRYSTELLING/VERMINDERING VAN SKOOLFONDS**

Beide biologiese ouers is aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld ingevolge Artikel 39 van die Skolewet bepaal, tensy EN tot die mate waartoe hy/sy van betaling vrygestel is kragtens die Wet.

- Indien dit finansieël moeilik of onmoontlik is om die skoolfonds te betaal, is u geregtig om, volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 aansoek te doen vir **algehele, gedeeltelike of voorwaardelike** vrystelling van skoolgeld.
- Die nodige vorms vir hierdie aansoek kan aangevra word by die finansiële kantoor.
- Aansoeke sal tydens 'n onderhoudsproses ingehandig word. Hierdie verpligte onderhoude is geskeduleer vir **21 en 22 November 2022 vanaf 17:00 tot 20:00.** Aansoeke **MOET** volledig voltooi wees en **AL** die stawende bewyse **MOET** aangeheg wees. Indien 'n aansoek onvolledig is, sal dit teruggestuur word. 'n Aansoek sal slegs aanvaar en verwerk word wanneer dit volledig is.
- Alle aansoeke sal volgens die formele aansoekproses, bepalings en glyskaal van die Skolewet hanteer word. Beide biologiese ouers se inligting moet ingedien word.
- Totdat die aansoek verwerk is, bly u egter verantwoordelik vir betaling van die volle bedrag.
- Indien u hulp benodig met die aansoekproses, is u welkom om die skool te skakel en 'n afspraak in die verband te maak.

**BEIDE BIOLOGIESE OUERS EN/OF WAAR VAN TOEPASSING, ENIGE VOOG, VAN ELKE LEERDER IS AANSPREEKLIK, GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK, VIR DIE BETALING VAN SKOOLFONDS.**

**8. AANHANGSELS**

Neem asb. kennis van die meegaande aanhangsels en stuur die voltooide vorms terug aan die skool voor of op **Vrydag, 4 November 2022.**

8.1 Aanhangsel A (moet voltooi word ongeag of u aansoek doen vir vrystelling)

8.2 Skoolfondsooreenkoms 2023

Ons wil 'n beroep op alle ouers doen om positief te staan teenoor die betaling van skoolgeld en ons vertrou dat u dit as prioriteit sal hanteer. Ons maak staat op u samewerking in die verband.

By voorbaat dank.

**MEV. M. FRASER**
**WAARNEMENDE SKOOLHOOF**